VERVUL JOU ROEPING

# dewetter

# '82

# INHOUD


Oorsig 1982 .......................... 1

Ou H.K. sê .......................... 2

Foto Dagboek .......................... 3

Jare .......................... 5

Jool .......................... 6

Fotot Dagboek .......................... 7

Gange .......................... 8

Prosedures .......................... 14

Senior Redenaars Kompetisie .......... 15

Pa Tienie Laat Weet .................. 18

Sport .......................... 19

Ander Komitees .......................... 28

Huis Foto .......................... 30

Ou Manne .......................... 31

Redaksie .......................... 32



*Die redaksie wil net vir Louis Le Grange bedank vir sy ruim bydrae tot fonds insameling.*

# OORSIG 1982:

| | |
|---|---|
| 82-01-28 | : Eerstejaars arriveer |
| 82-01-29 — 82-02-02 | : Oriëntering |
| 82-02-03 | : Seniors arriveer |
| 82-02-05 | : Klasse begin — Seniors afwesig |
| 82-02-12 | : Wen twee Joolkompetisies |
| 82-02-13 | : Vlotte vertrek |
| 82-03-01 | : Geveg teen JBM en Reitz |
| 82-03-03 | : Atletiek Byeenkoms — De Wet 2de |
| 82-03-04 | : Ontheffing |
| 82-03-29 | : Wen Waterpololiga |
| 82-03-31 — 82-04-14 | : Vakansie |
| 82-04-22 | : Sêr |
| 82-04-23 | : Informele Huisfunksie |
| 82-04-26 | :Suid 3 se Afskorting word afgebreek |
| 82-04-27 | : Gebuigde Moeder saai chaos |
| 82-04-29 | : Spreekstem 2e Jaars |
| 82-05-04 | : Gebuigde Moeder verplaas |
| 82-05-07 | : Vermorsel Karee 26—10 |
| 82-08-02 | : H.K. Verkiesing |
| 82-08-25 | : Wen Landloop A, B, C en D Ligas |

# OU H.K. SÊ



Voor: H. Staal, L. Mienie (Prim.), B. v. d. Westhuizen
Agter: L. Germushuizen, A. Hugo, G. Paul, F. Weilbach

## BOODSKAP VAN DIE PRIM.


Dit is altyd goed om aan die einde van 'n termyn terug te kyk daaroor heen. Dit is goed om twee redes. Eerstens om dank en hulde te bring aan hulle wat saam met jou verantwoordelik was vir die termyn, en tweedens om dit wat mooi en edel was in die verlede uit te lig en daarop saam die toekoms te bou.

Om van uit 'n HK. iemand uit te sonder om te bedank is baie moeilik. Daarom, aan ons Primarius, Lukas Mienie, die res van die HK., en elke inwoner van Huis C. R. de Wet ons opregte dank vir elkeen van julle se bydraes in hierdie jaar. Aan Prof. Tienie, Pa, baie dankie vir die raad en hulp in groot wysheid wat u aan ons gegee het. Bo alles, dank ons God vir Sy veilige leide oor ons vir die jaar.

Om oor veertien jaar heen te kyk en in die besonder oor die termyn 81/82 laat 'n mens stom, as aan al die boustene gedink word wat daar deur die jare met soveel sorg en kundigheid neergelê en ingesamel is. Daar is in hierdie huis deur die loop van 'n jare 'n sekere waarde sisteem opgebou, 'n sekere aantal tradisies en gebruike en ook gewoontes wat eie en karakterestiek is aan Huis C. R. de Wet. Dit is na hierdie dinge wat ons moet kyk en daarop voortbou met dieselfde verantwoordelikheid as hulle wat voor ons was. Ons moet dit doen vir hule wat na ons kom en beter sal vaar! Probeer om elke jaar net beter voort te bou op die vorige jaar.


Laat ons bowenal altyd as ware De Wetters geken word, en onwrikbaar glo: "In ons De Wet gees, voorwaards Suid-Afrika."


Onder-Primarius, Henri Staal, namens ons geagte Primarius, mnr. Lukas Mienie.





Voor: A. Myburgh, B. v. d. Westhuizen, N. Linde
Agter: B. Nel, P. Blignaut, P. Roché, D. v. Stryp,

# FOTO DAGBOEK






















Hierdie bladsy geborg deur MNR. J. SNYMAN


# FOTO DAGBOEK






















**Hierdie bladsy geborg deur C. DE JAGER**

# JARE



Koos hou begrafnis



Ag nee!!



Vang die gees manne



Eerstejaars wil maar net mors!!





En die kinder mors al weer!!

# JOOL













**Hierdie bladsy geborg deur MNR. C. J. CRAILL**


# FOTO DAGBOEK














## NOORD I ALCEY ALLEY


Die berugte tradisie van Alcey Alley het vanjaar nooit tot sy volle reg gekom nie want nooit was 'n inwoner se bloedalkoholpersentasie hoër as sy predies nie. Aangevuur deur die oorwinning van die Rooi Masjiendag van 1981 word die volgende prestasies vanjaar gelewer.

Bryer Meyer slaag die "Graad I Sangeksamen" na ure se intensiewe oefening in die stort. Tans berei hy hom voor vir die SAW en R104,00 per maand. Jan Landbou Potgieter raak verloof aan 'n SR-lid en haal die Koshuis se derdespan vir een wedstryd. Danksy Grobbies se Grobbies se deursettingsvermoë word hy die koshuis se beste dart-en-vingerbordspeler. Hierdie konsentrasie veroorsaak 'n chroniese verrekking van die tongspier. Die eienaar van OA 21233 word die grootste versamelaar van motorprente, veral Volkswagen Golfprodukte. Vet Vossa word verkies tot die joolkomitee en word so die trotse eienaar van 'n rooi "overall". Hartlik geluk aan Lang Linde vir die mannemoed wat hy aan die dag gelê het om by Akasia geholpe te raak. As reisagent van Datsun S.A. Bpk., word vanjaar verskeie vertoonmodelle deur agent Coetzer aan die gang ten toon gestel. Saam met die uwe slaag Abri die "Graad 5 Sokkie eksamen" met lof. Hierna is sokkies die hoogste prioriteit. Baie dankie Pierré Fransman Rócher vir jou sparadiese besoeke aan die Koshuis. Ons waardeur dit.

Aan al die manne, baie dankie vir 'n lekker jaar.

Die uwe,
C. A. v. d. Merwe.

*(Red. Julle bloedalkoholpersentasie was nog nooit hoër as julle predies.)*



*Alweer beset*




*Nog 'n bietjie slaap*
*Nog 'n bietjie sluimer*




*Chek daai bene*

**Hierdie bladsy geborg deur MNR. DU PREEZ**



Noord 2 - Suid I Inter



Swot Boet!!

## NOORD II

## NAVYVALLEY

Dit was hierdie jaar 'n besondere stil jaar in Navyvalley. Dit wil vir my voorkom of die manne baie akademies verkeer hierdie jaar op die gang.

Hierdie jaar is daar ook al drie gangvergaderings gehou. Op die eerste gangvergadering is die seniors op die gang verwelkom op die tradisionele wyse, waarin al die oud Noord II inwoners deelname gehad het. Die gangvergaderings se grootste sprekers is Jan-Louis en Japie. Die gangvergaderings is altyd afgesluit met wenke aan die eerste jaars.

Die gang was darem ook nie net akademies nie maar het darem ook stemme op ander gebiede. Boelie was die tweedes se kaptein. Marcelle van Drunick, ons danser haal ook die T.V. Die nuwe prime is 'n produk van Navyvalley.

Ai die sonde met tweede jaars. Hulle lawaai tot laat in die aand en hou dus sodoende vir Jan-Louis en Japie ui hulle "verdiende" slaap.


Die gang spits hulle dan ook meer op die romantiese aspek van die lewe. Twee het kop verloor en begin vas sleep, 'n derde miskien op pad, nog drie selfs 'n bietjie verder; hulle staan op trou, maar die geharde manne handhaaf steeds die balans in die gang. Ek wonder net of dit nie dalk die pantoffelregering is wat die gangbraaie so 'n bietjie meer na 'n vleisbraai laat lyk nie, of is dit nie dalk die verlaters se skuld nie?

Sterkte aan die uittredendes, mag julle volgende jaar by die re-unie te siene wees. TOMMIE

*(Daar is nooit 'n remoer tussen 'n spul akademiese wrakke nie. - Red.)*



Haai sies!!!



Akademiese wrakke

'n Stilwyende jaar het verby geskuiwe of Noord 3. Niemand hoor als of sien als maar tog het daar vele dingetjies gebeur. Die eerstejaars word verwelkom na die mees belangrike eksamen, nl., die kleureksamen met 'n kamer wat op 'n natuurlike professionele manier gedekoreur is. Nuwelinge is op 'n hartlike manier verwelkom, ongelukkig was oom Okkie afwesig gewees — hoe welrakend bly was hulle gewees.
Noord 3 het sy eie Olympiese Wonder Spele gehou. Manne van formaat het deelgeneem met professionele fotograwe wat dit al vallende op film vasgelê het, of hoe JR?
Surfer het dit natuurlik verskriklik geniet by die see.
Mnr. Chaos het die besparingselement weereens met groot sukses aangepak en veroorsaak dat die Ere Sluiperpresident met groot gemak deur elke hoekie kon sluip sonder om die spinnekoppe te versteur. Picasso, Petrocellie, Sampie en Rustige Rip het ook hulle plek volgestaan as T.V. "disafors". Natuurlik het ons die ontstelbare mediese skeiding gehad tussen Kees en Petrushka. Piet Punte, fisiese wonderman het op ' $H_2O$ bed geslaap. met die timmerman as kamermaat het die mediese kadawer 'n harde tyd deurgemaak. Mnr. Gunter Paul het die Dapper Muis met vele probeerslae verwilder.


Met die SR vorie, 'n SR lid plus twee nuut verkose HK lede het Noord 3 weereens hoog gestaan met die besondere prestasies.
Groete, Pous.




*Olimpiese wonder spele*

# NOORD III


# VROTKOL



*Vas staan boet*



*Slapenstyd*




*Eeeeu!! Dis lekker*



*Oo! Dis rof perre!*

# SUID I

# FURVLEI



*Nooit sigbaar nie*

So om en by die middel van Februarie tref 'n oranje bom die strate van Bloemfontein. Oral is hulle opgemerk. Die eerstejaars bewe en fluister met ontsag oor die oranje-monster. Ja, manne, Bloemfontein se inwoners sal nie gou hierdie oranje Jool vergeet nie.

Die manne doen dit toe weer. 'n Oranje vergadering is op Loggies gehou waarvan eregaste maar net nie uitgepraat kan raak nie. In gietende reën is daar geskiedenis gemaak — die eerste modderswem is suksesvol afgehandel. Toe die manne weer in hulle nie — weer so oranje "overalls" na Furvlei terugkeer, het elkeen besef Furvlei is DIE GANG! en menige leë bottel het in stilte saluut beaam.

Die lengte kou en die manne raak verlief. Onsedelik geklee raap hulle, hulle beddens op en vertrek na die "ongelukkige" dame. Almal is nie ewe suksesvol nie! Sommige kon nie hulle dierlike instink onder bedwang hou nie en sit af "massa" toe — of was dit dalk om die menslike anatomie te bestudeer? Voorwaar 'n gang — Die Furvlei.

Groetenis Pyks.



*As die liefde begin pla*



*Wat 'n Huisfunksie!!*


**Hierdie bladsy geborg deur MNR. C. L. KRUGER**



*As ek daai*
*JBM manne*
*in die hande kry!*

**SUID II**

**MOUTWOUD**



*Suid II by die see*

Die USSR staan vas en stewig nie teenstaande vele belaglike, minderwaardige aanslaggies. Weens suksesvolle teeninsurgensie maatreëls van ons Minister van Offensief — diffensief en algemene taktiese bewegings bygestaan deur die minister van landbougewasse, minister van interne sekuriteit en minister belas met adjunk ministers is geen noemenswaardige aanslae die afgelope eeu teen die soewereniteit van die unie gemaak nie. Toeriste na dié besondere land van die USSR van M lewer besondere gunstige kommentaar, o.a., die volgende: (i) Die besondere hoë lewenstandaarde van agbare lede van die unie; (2) Die uitstekende sosiale instellings in die unie; (3) Die unieke lewenskragtigheid en wil op voortbestaan van die unie.

Sonvlekke is besig om chaos te veroorsaak op arme Furflei Foevertjies wat verwelk onder vele aanslae van hoogs geaktiveerde gemeenskap van Moutwoud. Die plant en dier beskermingsvereniging is egter bekommerd oor die toestand en het 'n afvaardiging na uitvoerende komitee van die USSR van M gestuur. Die komitee is egter nie oortuig dat bogenoemde spesie die reg op voortbestaan behoort te hê nie. Suid II is in elk geval die belangrike gang in die blok aangesien dit die vloer van S III en die dak van S I is. Melk en heuning is in oorvloed op die USSR van M. Vele misgeplaasde groete namens agbare lede van die Unie.

K. HEESE.

Goeie dag, nag, week, maand, jaar, dekade, eeu.



*Huisfunksie*



*Chap boys*

**Hierdie bladsy geborg deur MNR. D. T. LE ROUX**

## SUID III

Indien jy van Wes na oos deur S3 stap, ontmoet jy die volgende inwoners.

71 C.P. "Ze Arabs are coming und ze are drunk"

72 Ghiets, ons afgetrede S.R.-Lid, het nou die tyd en die geld, dames wees gewaarsku.

73 Dak Strepies, ons stilswyende H.K.-Lid met H.K.-belange in Soetdoring en Hannes wat sy motor (pas) sal ry.

74 As rolskaats en stukkende vensters verf was dan was Wessel 'n skildery en so tussen skyfskiet en swat kry Freek nie sy oorfone afgehaal nie.

75 Graswewnaar Attie se Datsun is nou pal op pad Pretoria toe en as Piet Spuy moeg raak vir vrou soek en T.V. — kyk doen hy 'n REK-oefening.

76 Otto Wondergat — tel hy gewig(te) op of af.

77 Dassiekommandant Hugo is besig om sy vrees vir die "army" weg te vreet.

79 As Klein Jan nie sy arm verloor nie, verloor Groot Jannie sy been, maar verloor sal hulle mekaar nooit nie.

80 Hoofkwartier van die Dassies met uitvoerende direkteur die Vet Brit, en sy kamermaat Jan Hoes wat Intervarsity-Reünie in Potch hou.


81 Brain volg in Neil se spore van Escourts, Pioneer Hi-Fi's en gangpartytjies, terwyl die "blonde bom" val den Nerf hoop sy Vergeet-Hom-Nie.

83 Virgi pasop — rondloperhonde word geknip en Pak Shiner groei 'n baard want hy lei aan 'n minderharigheidskompleks.

84 Klaskaptein Loupie wat die kinders probeer stilhou en met kleingeld rondry.

85 Ato Potato: Burnie is lief vir Crispie(tie) skyfies en ons gangprime Niefs het die Chipsfabriek en drankmisbruik onder beheer.


Hier is ook vier eerstejaars: Hartbreker Steyn (82), Kakebeen Odendaal (82), Regter Steyn (78) en Johan en sy Dames (78).



*Red die Renosters*



*Boks gees*



*Sokker Springbokke?*




*Juvenile Delinquents*




*Intervarsity*


## PLESIERSKIER

# PROSEDURES















# SENIOR REDENAARS KOMPETISIE



*Wisseltrofee Redenaars Kompetisie*

Cicero het by geleentheid gesê "Daar is twee kunste wat mens tot die hoogste posisies kan verhef: Die een is dié van die groot soldaat; die ander is dié van die begaafde orator: deur eergenoemde word die glorie van vrede bewaar, deur laasgenoemde word die gevare van oorlog oordryf."

Bogenoemde waarheid word deur die inwoners van Huis de Wet onderskryf en die jaarlikse senior redenaarskompetisie het op Vrydag 6 Augustus in die gasellie van dié koshuis plaasgevind. tydens hierdie prestige geleentheid het Regter M. T. Steyn as gasspreker opgetree. Na 'n titaniese stryd het tussen die Kovsie orators is die Gerhard Beukes wisseltrofee aan Noelle Gilliland van Welwetschia toegeken. Sy het ook die A.S.B.-Boekprys ontvang wat geskenk is ten bevordering van Afrikaans. André Bartlett, nuutverkose president van die A.S.B. het die oorhandiging persoonlik waargeneem.

Die Frans Wessels Wisseltrofee vir die beste damesredenaar is toegeken aan Jeanette Geldenhuis van Marjoleen terwyl Lourens Erasmus (Verwoerd) die Benedictus Kok wisseltrofee ontvang het as die beste mansredeneur.

Jan Potgieter, Huis de Wet.


## HERMIES

## DROË VRUGTE UIT DIE KLEIN KAROO

Posbus 29 — CALITZDORP — Telefoon 171



*God maak my getrou tot die dood.*

C. R. de Wet.

*As twee getroues aan die einde van 'n stryd oorbly sorg dat jy een van hulle is.*

C. R. de Wet

*Wee hom wat die verlede nie voor oë hou nie.*

C. R. de Wet



*My volk moet 'n volk wees*

*wat God vrees.*


C. R. de Wet.

*In enige groot werk is die eerste*

*vereiste moed.*

C. R. de Wet.





*Moed sonder verstand is geen*


*deug nie.*

C. R. de Wet.

# PA TIENIE LAAT WEET . . .

*"Raak dit julle nie; julle almal wat met die pad verbygaan?"*

— Klaagliedere 1:12.



Dag my Seuns,

'n Kenmerk van ons ondermaanse bestaan is dat 'n mens alles gewoond raak: die slegte en die goeie, ja so gewoond dat 'n mens selfs nie eers die mooi of die lelike dinge rondom jou raaksien nie.

So loop elkeen van julle gevaar om elke dag nie meer die woorde van genl. De Wet by julle voordeur raak te sien nie: "In ons De Wet se gees, Voorwaarts Suid-Afrika."

Dit is 'n oproep en 'n eis wat geen Dewetter ooit aan gewoond mag raak nie, of 'n enkele keer in die loop van die dag mag miskyk nie.

En julle versameling in die voorportaal? Kyk julle nog daarna, of het dit maar bloot ornament of soos 'n stuk alledaags meubelstuk geword? Het Jeremia se woorde hier bo ook daar geen inspraak meer op julle nie?

Weet julle dat die Moses Kottler-beeld van genl. De Wet in jul voorportaal een van die kosbaarste kunsskatte op die hele kampus is? Weet julle dat jul eie primarius sewe-agt jaar gelede juis die lewe en sterwe van genl. De Wet aan julle op die wyse tasbaar en sigbaar wou tuisbring. Wat ek saam met latere H.K.'s help byvoeg het was maar net 'n verdere uitvoering van hierdie mooi gedagte.

As jul versameling sommer 'n gewoonte geword het deur daar verby te stap sonder om daarna te kyk, of oor die sin en betekenis daarvan te dink, dan het dit ook maar net 'n ornament gewoonte geword.

Dit is so, niemand kan jou dwing om daarna te kyk nie, net jou eie gewete kan dit doen. En weet dit: een van genl. De Wet se sterkste boodskappe aan sy burgers was altyd: "Jy moet aan jou gewete getrou wees."

En daaraan wil ek toevoeg: om aan jou gewete getrou te wees, moet jy weet **wat** jou gewete van jou eis, en die "wat" kan julle elke dag op jul voormuur, in jul voorportaal en by die leuses in brons in jul gesellie gaan soek.

Laat dit julle raak; julle Dewetters wat met die portaal verbygaan.

Groetenis,
Van jul trotse Pa.

7Oktober 1982.

# RUGBY



## RUGBY I

Die eerstespan het vanjaar begin met 'n paar goeie oorwinnings in die vriendskaplike wedstryde en dinge het baie rooskleurig gelyk. As 'n mens terugkyk oor die seisoen kan jy seker sê ons was ongelukkig om nie meer wedstryde te gewen het nie. Dit was egter asof afronding en die wil om te wen op die kritieke stadiums kortgekom het.

*Voor:* *D. Marais, S. Kritzinger, B. Bosch, L. G. Botha, C. Pagel, L. Steyn*
*Middel:* *P. v. d. Spuy, F. Berry (Afrigter), A. Myburgh (Kapt.), H. Pieters (Afrigter), R. Laubscher, N. Crafford-Lazarus, A. Vorster*
*Agter:* *P. Holtzhauzen, G. Volschenk, R. Weitz, T. Kitshoff, H. Heymans, G. Greyvenstein, G. Kotze, K. Hugo, J. Meyer, P. Oosthuizen, B. Staal.*



## RUGBY II

Die tweedespan was ons trots vanjaar en kan met 'n bietjie meer geluk in die tweedeliga-finaal gespeel het. Die span het sesde geëindig met slegs vyf punte minder as die wenners.

*Voor:* *N. Linde, G. Grobbelaar, B. v. d. Westhuizen (Kapt.), B. Bosch, L. Germishuizen, H. Staal.*
*Middel:* *E. Casselegio, R. Fourie, J. Crouse, J. van Vuuren, R. van Schalkwyk, C. Odendaal.*
*Agter:* *N. Klynsmith, L. Klopper, G. Odendaal, L. Diener, G. de Coning, H. Schmidt, G. Matthews*

## RUGBY III

Die derdespan het wel onderaan die liga geëindig maar was ook baie ongelukkig om nie 'n paar wedstryde te gewen het nie. Ongelukkig was die span baie keer verswak a.g.v. beserings in die boonste twee spanne.

Baie dankie aan ons twee afrigters, oom Herman Pieters en oom Frank Berry vir hul opofferings, gedurende die seisoen. Baie geluk ook aan R. Weitz en J. Meyer met meriete irawa spelers was en J. Greyvenstein en P. van Spuy wat ook vir die Irawas uitgedraf het. H. Heymans, T. Kitshoff en J. Kotzé het ook vir die Varsity o/19 span gespeel.



*Voor:* *C. v.d. Merwe, J. Coetzer, F. Odendaal, J. Maritz (Kapt.), L. Mienie, B. Nel.*
*Middel:* *G. Stroebel, W. Meyer, R. v. d. Merwe, H. Scheepers, B. Linde, T. Meyer, J. Dayson.*
*Agter:* *F. Verreyne, T. Pearson, H. Swart, O. Wonigkeit, G. Paul, L. Carstens, L. Klopper.*

# SPORT

# ATLETIEK

De Wet het weereens tweede geëindig in die jaarlikse inter-Koshuisliga atletiek. Ons wil veral dankie sê aan die seniors wat so 'n goeie voorbeeld gestel het.

Aan elkeen wat iets bygedra het tot hierdie prestasie, baie dankie. Kom ons kyk of ons nie volgende jaar bo-aan die leer kan wees met volgende jaar se atletiek nie. Ons kom!!

Voorsitter —
B. Meintjies.



*Voor:* *A. Hugo, P. Blignaudt, B. Meintjis, G. Paul, E. Jonker, R. Weitz.*
*Middel:* *J. Dayson, E. Casselegio, K. Hugo, T. Kitshoff, P. Oosthuizen, S. Kritzinger.*
*Agter:* *J. Honniball, B. Staal, L. Diener, O. Wonigkeit, W. Opperman, L. Steyn, D. Marais, N. Klynsmith.*


# KRIEKET



*Voor:* *P. v. d. Spuy, D. v. d. Bergh, N. Linde, H. Coetzer, H. Staal, A. Vorster.*
*Middel:* *P. Rochér, J. Crause, K. Hugo, J. Greyvenstein, H. Meyer, P. Cilliers.*
*Agter:* *B. Linde, C. Louw, A. Myburgh, A. Hugo, L. Steyn, L. Mienie.*

De Wet se krieketspan eindig die afgelope seisoen sewende in die liga. Ons klop hoog aangeskrewe spanne soos Verwoerd, Kiepersol, Reitz B en Veritas (met Vrystaatspelers in hul span). Ons was baie ongelukkig om nie meer wedstryde te wen nie. Nogtans he al die spelers die seisoen baie geniet en verskeie nuwe "sterre" tree na vore. Ons sien met vertroue uit na die nuwe seisoen.

Nicol linde.



## SNOEKER

Ons dank aan die huiskomitee vir die koop van 'n nuwe kleedjie en 'n stel balle. Nie alleen is dit 'n aanwins vir die snoekerklub nie, maar ook vir die koshuis. Met dié nuwe uitrusting tot ons beskikking, sien ons uit na 'n paar jaar se lekker speel.

Anton Vorster.

## TENNIS

De Wet het vanjaar twee spanne in die begin ingeskryf. Die spanne was baie ongelukkig om in 'n hele paar wedstryde net-net te verloor. Manne laat ons nie moed verloor nie en aanstaande jaar weer veg.

Johan Vorster.



*Voor:* *J. greyvenstein, J. Vorster, N. Linde, A. Vorster.*
*Middel:* *J. van Vuuren, L. Steyn, J. de Jonge, D. v. d. Berg.*
*Agter:* *J. Venter, D. van Stryp, A. Farrell, J. Grobbelaar.*



*Voor:* *N. Linde, L. Mienie, P. Roché, J. Grobbelaar.*
*Agter:* *W. Loftus, R. van Schalkwyk, A. Myburgh, H. Staal, B. de Villiers.*

## TAFELTENNIS

'n Suksesvolle seisoen is agter die rug waarin ons ses van ons elf wedstryde gewen het. My opregte dank aan elke speler vir jul ondersteuning en mag volgende jaar dié jaar vir De Wet-tafeltennis wees.

Pierre Rochèr

## VLUGBAL



Vanjaar het De Wet se vlugbalspan hom goed van sy taak gekwyt en het agt van elf wedstryde oortuigend gewen, wat 'n puntestand van 16 punte vir hom verseker. 'n Laagtepunt was sekerlik die wedstryd teen Karee, met 'n telling van 2 teen 1. Aangesien die seisoen nog nie afgesluit het nie, het De Wet saam met 'n paar koshuise 'n goeie kans om teen Malhuis in die eindstryd te speel. Alle dank aan my medespelers en ondersteuners.

Derrek Thompson.

*Voor:* *M. Kalp. B. v. d. Westhuizen, D. Thompson, L. Mienie.*
*Agter:* *S. v. Emmenis, C. Louw, N. Linde, A. Myburgh, P. Cilliers.*

## SOKKER

Dit was vanjaar 'n besondere suksesvolle jaar vir De Wet se sokker en daarvan kan spanne soos JBM, Reitz B, Vishuis en Olienhout getuig.

Ons eil net dankie sê vir die manne wat altyd bereid was om opofferings te maak, hetsy 'n oefening of vir 'n wedstryd.

Ons sien uit na die volgende seisoen en hoop da tdie talent wat vanjaar ontplooi het, volgende jaar verder sal ontwikkel.

Giovanni Secchi.



*Voor:* *P. v. d. Spuy, S. v. Emmenis, G. Secci, L. minnie, K. de Hoog, P. Roché*
*Middel:* *D. v. d. Berg, J. Honniball, K. Crause, R. Cronje, J. Kotze, B. de Villiers, A. Farrell.*
*Agter:* *P. Enslin, J. Grobbelaar, R. v. d. Merwe, D. Thompson, B. Staal, L. Diener, J. Roux, W. Meyer.*



*Voor:* *A. Hugo, J. Oelofse, E. Jonker, B. Meintjies, P. Blignaut.*
*Middel:* *T. Pearson, I. Duursema, W. Opperman, D. Marais, J. Roux.*
*Agter:* *E. Casselegio, P. oosthuizen, A. Myburgh, J. Honniball, G de Koning.*

## LANDLOOP

Weereens het De Wet die landloopseisoen op 'n baie suksesvolle noot afgesluit. Ons het weer bewys dat ons die beste landloopkoshuis op die kampus is, deur al **vier** die ligas te wen. Baie dankie vir elkeen wat deelgeneem het en sodoende bygedra het tot die sukses.

Landloop Voorsitter — E. Jonker.



## SKAAK

Beide A en B spanne het baie goed gevaar hierdie jaar. Baie geluk aan die B span wat daarin geslaag het om na die halfeindronde deur te dring.

D. van Stryp.



*Voor:* *R. Sicker, D. van Struyp, J. Roux, K. Crouse.*
*Agter:* *R. v. d. Merwe, H. Swart, B. Nel, N. Kleinsmit.*



Voor: P. Enslin, L. Mienie, G. Secci, K. de Hoog, G. Paul.
Agter: S. van Emmenis, R. Weitz, D. Thompson, P. Roché, W. Meyer, S. Kritzinger.

## HOKKIE

Vanjaar se hokkie was 'n groot sukses. Daar was 'n verskeidenheid van toernooie en liga-wedstryde en al het ons nie almal gewen nie, het ons tog baie goed gevaar. Ons het die beste gevaar in die gemengde toernooi waar ons, b.v., saam met Hobhuis amper die finale bereik het.

Baie dankie aan al die hokkispelers vir 'n lekker jaar.

Hokkie-Voorsitter — Kees den Hoog.



## WATERPOLO

Op Dinsdagaand, 30 Maart 1982 het die finaal van die koshuis waterpolo liga in die Universiteitswembad plaasgevind. In 'n baie spannende en goed onderwteunde wedstryd het De Wet die liga ingepalm deur J.B.M. met 6—5 te klop.


Vir J.B.M. het Johan Marais (2), Kobus van Wyk (2) en Herman Vonkeman (1) doele aangeteken terwyl De Wet se punte gekom het van doele deur Neil Crafford-Lazarus (5) en Derek Thompson (1).

N.C.L.



Voor: D. v. d. Berg, L. Mienie, N. Crafford-Lazarus, G. Paul
Agter: G. Matthews, R. Weitz, D. Thompson, J. de Jonge.

## TRAPKAR



*Voor:* *A. Hugo, J. Maritz, P. Oosthuizen, B. Meintjes.*
*Agter:* *J. van Vuuren, B. Staal, A. Meyburg, D. Marais.*

Na die Pedal Prix se ses-ure lyk dit so: Danie vervrommel die neus, Meintjies bloei, Wallie bars 'n band. Swapo rol, André buig die stuur en Burnie soek sagte hande. Na ses ure vlieg die monster oor die wenstreep in die agtste posisie en De Wet 7 is tweede van die kampuskarre.

Trappende dank aan die trappers, plukkers en stoters.

Piet Oosthuizen





*Voor:* *H. Coetzer, S. v. Emmenis*
*Agter:* *N. Linde, J. Maritz, D. Fourie.*

## PLUIMBAL

Hiermee wil ek net almal wat Pluimbal vir die Koshuis gespeel het bedank, ons hoop om volgende jaar met hernude ywer die stryd voort te sit.

S. van Emmenis.



Voor: H. coetzer, H. Staal
Agter: D. Fourie, W. Loftus

## MUURBAL

Graag wil ek die volgende manne dankie sê vir die mooi gees waarin hulle gereeld wedstryde gespeel het, hulle is: Henri Staal, Willie Loftus en Dawie Fourie. Manne wat ons uitgehelp het was Wikus Opperman en Johan Roux. Wedstryde gewen 2, wedstryde gelykop 2, wedstryde verloor 1. Opponente daag nie op nie 2.

Henri.

## QUADRAS



*Wedstryd gelykop (Vasbyt Hendrik)*

# ALOE BRAND

## Vir die beste Gehalte Vrugte in die Klein Karoo

*kontak ons vir die*

*VERWERKING VAN ENIGE PRODUKTE*

Vra vir:

**CHRIS NEL of**

**ISSY ORWIN**

# DIE KRANS

**LANDGOEDWYNE EN TAMELÊTJIEROLLE**

*HEERLIK EN SMAAKLIK*

Indein u 'n bestelling plaas, moenie betaling insluit nie, ons stuur die rekening.

**Verkrygbaar:**

Die Krans Landgoed
Posbus 28
CALITZDORP 6660
Telefoon: 25

# BUFFELSKROON

## WYN DIREK AAN DIE PUBLIEK

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings Nr. 29 van 1939)

POSBUS 193 — CALITZDORP 6660 — TELEFOON 22

*VARS VRUGTE EN DROEË VRUGTE OP ONS PERSEEL TE KOOP*

SPOORVERSENDING DWARSOOR DIE REPUBLIEK


PRYSLYS VERKRYGBAAR OP AANVRAAG

# ANDER KOMITEES

## SPEURKOMITEE

Dis, stil, dis donker, dis nag
die speurkomitee is op wag.
Bure, Phon en Vos (die weet julle mos)
het julle nog nooit alleen gelos.
Gerrit, Spuy en Student,
sien leuns vir enige vent.
For our English speaking people,
Beware of the speurkomitee.
Op las!!

Die voorsitter — Vos.



*Dis net Vos wat so goed verduidelik*

## SPEURKOMITEE




*Hier's hulle manne – maar Kees kom uit!!*

## TWEEDEJAARSKOMITEE



*Voor: J. Maritz, P. Roché*
*Agter: F. Klopper, D. v. Struip*

## SLUIPERKOMITEE



# H.G.G.O.K.


## 'N VOËLVLUG — OORSIG OOR DIE HGGOK

Op een goeie middag in 1978 het die eensaamheid vir 'n paar lede van die G.G.O.K. (Gemeenskap in Geharde Oujonkêrels) 'n vrouehater-beweging waarvan hulle ipso facto lede was, te veel geword. Die resultaat was die stigting van die H.G.G.O.K. (Herstigte Genootskap van Geharde Oujongkêrels). Hulle doelstellings was: skakeling met dames! Hierdie prestige-vryorganisasie het veel sukses behaal: twee inters — een die nimlike smurfe van Wag-'n-Bietjie, asook 'n tweede met die smurfe se maatjies.

Die uiteindelike struktuur van die organisasie het die volgende behels: Hoof-President, mnr. Piet du Plessis; Voorsitter, mnr. Gideon Volsckenk; Sekretaris, mnr. Henry Coetzer; die rondreisende (RRS), mnr. C. P. du Plessis; en ander hooffigure, o.a., mnre. Lucas Mienie, Andrew Stanley (lyfwag), Jan du Toit, ens.

Maar stering het hier ook nie uitgebly nie buite sommige wat die teenswoordige wêreld (jonge maagde) liefgekry het, het die topstruktuur in duie gestort. Die uiteinde was toe die topstruktuur in Maart 1982 uitstap en die Aksie Sonder Toekoms stig.

Die H.G.G.O.K. het egter sy merk gemaak. Na dese sal geen jong meisie ooit weer dieselfde wees nie.



*Gemerkte persone het gesneuwel*


# SUNNYSUN TAMELÊTJIEROLLE

**VRUGTEROLLE**

APPELKOOSROLLE — PERSEKROLLE — KWEPERROLLE

Skryf aan ons vir 'n Pryslys
Posbestellings is baie welkom.


Indien u besig is met 'n FONDSINSAMELINGPROJEK
Kontak ons vir nadere inligting

**NEL & NEL**
BOPLAAS
CALITZDORP 6660
Suid-Afrika

Telefoon 102
Posbus 156

***GENIET DIE SONSKYN VAN CALITZDORP DWARSDEUR DIE JAAR***


# HUISFOTO



# OUMANNE



# REDAKSIE



*KORT EN KRAGTIG: DANKIE AAN ALMAL WAT OP ENIGE MANIER 'N BYDRAE GELEWER HET*
(BEWAAR VIR AANDENKING)

*Voor:* *G. Nieuwenhoudt (Assistent Redakteur insake sensor); B. Staal (Assistent Redakteur inske finasies); A. Farrell (Assistent Redakteur insake fotografie)*

*Agter:* *J. Honniball (Assistent Redakteur insake opmeting); J. Gaugh (Assistent Redakteur insake foto insameling); D. Fourie (Hoof, Hoof, Hoof Redakteur)*